

BETHANIE-SENDINGSTASIE

D.A. van der Bank



Die mooi, eenvoudige kerkgebou op die sendingstasie Bethanie. Bokant die kerkmuur is enkele grafstene van die sendingkerkhoffie sigbaar. Die gebou regs agter die kerk, was die kweekskool.

Gedurende Juniemaand is 'n besoek aan Bethanie-sendingstasie (geleë in die Edenburgdistrik, ongeveer 5 km vanaf Wurasoord) gebring met die doel om inligting vir die Nasionale Museum in te samel. Vanweë die historiese belangrikheid van veral die kerkgebou, wat een van die oudste in die Vrystaat is in sover die struktuur van 1845 daarin opgeneem is, word die ontwikkeling van die sendingstasie kortliks geskets.

In April 1834 het vyf sendelinge van die Berlynse Sendinggenootskap, Th. Gregorowski, D.A. Kraut, A.F. Lange, J. Schmidt en A. Gebel in die Kaap aangekom met die doel om sendingwerk onder die Betsjoeanas (Tswana) te doen. Gerugte op Philippolis van die bloedige Matabelestrooptogte op die Betsjoeana het die sendelinge laat besluit om hulle aan die Rietrivier te vestig op 'n stuk grond van ongeveer 12 vierkante myl (31 km²) wat die Griekwakaptein Adam Kok aan hulle toegesê het.

Op 24 September 1834 het die groepie sendelinge afgesaai by die plek waaraan hulle die naam Bethanie, 'huis van ellende', gegee het. Die beginjare was inderdaad 'n tyd van beproewing. Van die Korana, onder wie hulle moes arbei, was daar geen teken nie. Eers ná drie weke het Goliat Ysterbek en sy stam hulle opwagting gemaak en op 19 Oktober is die eerste diens gehou met behulp van 'n tolk. Teen die einde van die jaar is die eerste kapelletjie, 'n hut van riete, ingewy. Dié geboutjie is egter vyf jaar later deur honger koeie opgevrete.

Die swerwersnatuur van die Korana het die sendelinge se taak bemoeilik aangesien die sendelinge dikwels agter hulle moes aan trek. Sedert 1847 het die vestiging van Tswanas in die gebied 'n meer bestendige arbeidsveld geskep.

Die oorspronklike sendelinge is vervang deur eerw. Carl Friedrich Wuras wat byna 'n halfeeu, vanaf

1836 tot 1884, op Bethanie gewerk het. Afsiesien van sy werk as sendeling het Wuras hom ook as filoloog onderskei deur sy werke oor die Koranataal en sy vertaling van die Lutherse Kategismus in Tswana. Ander sendelinge wat deur die jare op Bethanie gearbei het, was onder andere Heinrich Grützner, Meyfarth, Sandrock, Schulz, J. Baumbach, J.C. Prozesky en E. Berndt. Die eerste eienaar en stigter van die bekende Fichardtonderneming, Carl Eberhardt Fichardt, het vanaf 1844 tot 1845 as sendeling op Bethanie gewerk.

'n Nuwe kerk is op 11 Mei 1845 ingewy. Dit was 'n baksteengebou, 18 m lank en ses m breed. Dié gebou was na slegs twintig jaar alreeds te klein en teen 1867 is 'n aanvang gemaak met die vergroting van die kerkgebou. Na heelwat vertraging is die hoeksteen in April 1868 gelê en op 26 September 1869 kon die vergrote kerk ingewy word. Die kruisvormige, rooibaksteengebou is ontwerp deur die Bloemfonteinse argitek, Richard Wocke. Dit is teen 'n uiteindelijke koste van £1 600 (R3 200) gebou deur die Tswana-inwoners van die stasie en het sitplek aan 500 mense gebied.

Tydens die viering van die 75-jarige bestaan van die sendingstasie was daar ongeveer 1 000 inwoners van wie die meeste as Christene gedoop is. In 1904 is 'n kweekskool te Bethanie geopen vir die opleiding van Swart evangeliste. Die hervestiging van die Tswanas in die Thaba 'Nchu-omgewing (Bophuthatswana) ingevolge die groepsgebiedewet het egter die getalle drasties verminder en noodgedwonge ook die vertrek van die sendelinge meegebring.

Vandag bestaan die gemeente uit omtrent vyf-en-veertig lidmate, onder wie drie Kleurlinggesinne; die ander is Tswanas. Dienste word waargeneem deur evangeliste van Edenburg en Bloemfontein, terwyl eerw. Hildebrandt van die Lutherse Kerk, Bloemfontein, Nagmaal aan die gemeente bedien.

Die kerkgebou wat intussen gepleister en afgewit is, is struktureel nog onveranderd. Langs die kerk is die kloktoring, 'n eenvoudige houtraamwerk, en die platdakskoolgebou. Aan die noordekant van die kerk, langs die kerkmuur is 'n kerkhof met elf grafte. Ander geboue wat nog behoue gebly het uit die bloeityd van Bethanie is die winkel, sendingkamers en die eenvoudige gewelgeboutjie wat as kweekskool gedien het.

'n Verslag oor die kerkgebou op Bethanie is aan die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede voorgelê en die sendingstasie is gedurende Julie besoek deur mej H.H. Gous van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en mnr Deon Jooste van die Stigting Simon van der Stel met die oog op die moontlike restourasie van die kerkgebou.



Die verweerde houtraamwerk van die kloktoring vereis dringende aandag. Die inskripsie op die klok lees as volg:

Lobet den Herrn, alle Heiden

Preiset ihn alle Völker

Psalm 117

C. Ruben in Berlin 1850

BIBLIOGRAFIE

- Honderd jaar Berlynse sending*, Pretoria: Minerva, (1934).
 Mondelinge Mededelings deur mnr. P.J. Strauss en M. McMolale.
 Schoeman, K. Huis van die armes (...), in *Restorica*, April 1983.
75th - Anniversary of the Berlin Mission Station, Bethany,
 Bloemfontein: Friend Ltd., 1909.
Standard encyclopaedia of Southern Africa.
The Friend of the Free State and Bloemfontein gazette, 30.9 1869. ●